

**Saterdag 14 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 9:20-27**

**Fokusgedeelte: Daniël 9:23**

### **God antwoord smeekbede**

**D**ie engel Gabriël is afgevaardig om Daniël in te lig dat God sy gebed gehoor het en daarop handel. Wanneer daar binne die wil van God gebid word, is die moontlikheid van “hemelspoed” altyd daar. Die afstand tussen die nietige mensie en die groot, almagtige God is geen probleem nie. Maar Daniël word gehelp om die profesie van Jeremia (29:10) reg te verstaan, want God het Daniël lief.

Dit gaan nie net oor 70 jaar nie, maar 70 eenhede van sewe. Letterlik staan daar 70 (keer) sewe. Dit beteken 70 tydperke van sewe jaar. Hierdie tydperke word in drie verdeel: eerstens die sewe tydperke van die herstel van Jerusalem, dan die 42 tydperke waar Jerusalem opgebou bly en dan volg daar een tydperk waar die offers afgeskaf word en 'n gruwel vir God verwoesting sal saai totdat alles verby is.

Met hierdie verduideliking van Gabriël word nie net Daniël en die Jode van die ballingskap vertroos dat daar 'n einde aan die ballingskap gaan kom nie, maar word daar 'n troos gegee oor die lewe van die Jode vir baie jare vorentoe dat daar altyd 'n beperking aan verdrukking sal wees, selfs onder Antiogos IV. Met ander woorde: 'n nuwe betekenis word aan die profesie gegee wat in vervulling kom baie jare vorentoe.

God is in beheer en Hy is getrou en Hy staan by sy volgelinge. Ons kan ook weet en met daardie sekerheid bid dat God ons gebede hoor en aksie neem. Hy hou ons lewe in sy hande en Hy is met ons. Niks kan ons van Hom skei nie.

*Sing: Skrifberyming 3-3:1-4*

*Ds. E Naudé (Emile) (Boksburg-Suid)*